

30 April

Skrifgedeelte: Markus 14:26-52 (OAV)

Fokusgedeelte: Markus 14:49b

Die Herder tot rower gemaak

Judas verras Jesus nie. Hy kom op God se tyd om sy verraad deur te voer. Die groot menigte wat saam met hom is, is bewys dat die owerpriesters en skrifgeleerdes steeds bang was vir verset. Daar word teen Jesus, wat dag vir dag as Leermeester in hulle midde was, deur die gewapende menigte opgetree asof Hy 'n rower is. Hy wat gekom het om lewe te gee, word met mag en geweld bedwing. Die verset teen die Messias word deurgevoer. Maar op daardie oomblik is dit nie alleen die Leermeester wat tot rower gemaak word nie, die dissipels wat aanvanklik bereid is tot teëstand, slaan ook op vlug. Die oomblik toe hulle Jesus se bereidheid om te ly opmerk, verlaat hulle Hom en vlug. Die oomblik het aangebreek dat die Skrifte in vervulling gaan. Nie alleen die Skrifwoord oor die Herder wat geslaan sal word sodat die skape verstrooi word nie (Sagaria 13:7), maar ook die woorde dat selfs die dapperste naak sal vlug (Amos 2:16) word aanvaar. Die laaste wat van die onbekende jong volgeling opgemerk word, is sy naakte liggaam wat tussen die bome van die tuin verdwyn. Jesus bly alleen oor. Gelaai met die skuld van voortvlugtendes en rowers, bly Hy staan voor God se oordeel. En deur Hom te oordeel, begenadig God die vlugtendes en die skuldenaars.

Hierdie begenadiging beteken dat ons voor God kan staan op grond van ons Leermeester se verdienste. Deur sy begenadiging maak Hy van lafhartige vlugteling dapper volgelinge. Volgelinge wat deur sy Gees vas kan staan wanneer versoeking wink en geweld dreig en belydenis noodsaaklik geword het.

Vir jou en my is die Skrifte vervul. Staan dan vas op grond van Jesus Christus se verdienste!

Sing: Psalm 46:1,6

Ds BC Smit (Brits-Wes)